PC1/1/1/10 ME 7/117

ALAN PATON CENTRE UNP.

P. K. ANERLEY,
Natal.

5 Junie 1950.

Die Saakgelastigde,
Posbus 1004,
BLOEMFONTEIN,
O. V. S.

Geagte Eerw. Odendaal,

Dit spyt my dat my brief van 5 Mei vir u 'n teleurstelling was. Ek moet eerlik erken dat ek tot die mening gekom het dat dit nie die moeite werd was om met die saak aan te gaan nie.

Op 12/3/49 het ek sekere voorwaardes voorgestel
Op 13/4/49 het u my meegedeel dat die voorwaardes deur 'n Kommissie op 18/5/49 bespreek sal word.
Op 2/6/49 het ek u genader omtrent die besluit van die Kommissie.
Op 27/7/49 het ek u weer genader, daar ek nog nie enige antwoord ontvang het nie.
Op 5/8/49 het u my gevra om die saak "nog 'n bietjie" oop to hou.
Op 16/12/49 daar g'n verdere berig van u ontvang is nie, het my vrou toestemming aan "Um-Afrika" gegee.

Dus moet ek erken dat ek effens verras was toe u by geleentheid van u jongste brief, melding maak van my besluit n.l. dat die regte daarvan aan ons behoort". Tot so 'n besluit wou ek sekerlik gekom het, maar, geagte saakgelastigde, ons liewewisseling was destyds al tien maande oud.

Niettemin voel ek dat ons nog eens kou gepoog het om 'n definitiewe antwoord van u te verkry, en daarvoor wil ek u verskoning vra. Destyds was ek oorsee, en my korrespondensie was buite my vermoe om te hanteer; daarom het ek my vrou gevra om die regte aan "Um-Afrika" af te staan.

I.v.m. die vertaling in Sesotho, was ek al in verbinding met die Bestuurder, Sesuto Book Depot, Basoetoeland, maar ek sal onmiddelik 'n brief aan hulle rig om te verneem of hulle in staat is om verder met die saak aan te gaan. Indien nie, sal ek sekerlik sulke regte aan u afstaan.

Hoogagtend die uwe,